

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

A J SHEPHERD (EDMS.) BPK. AppellantenSANTAM VERSEKERINGSMAATSKAPPYBEPERK RespondentCoram: RABIE, HR, MILLER, VILJOEN, BOTHA, ARR et

GALGUT, WND AR.

Verhoordatum:Leweringsdatum:

11 September 1984.

15 November 1984.

UITSpraakRABIE, HR :/.....

RABIE, HR:

Die appellant het in die Kaapse Provinsiale Afdeling R28 000 van die respondent, 'n versekeringsmaatskappy, geëis nadat sy Pontiac Trans-Am-voertuig op 22 Julie 1981 in 'n botsing betrokke was en onherstelbaar beskadig is. Sy saak was dat die respondent verplig was om die gemelde bedrag, die waarde van die voertuig, aan hom te betaal omdat die voertuig op die datum van die botsing by die respondent verseker was. In sy repliek het die appellant in die alternatief gesê dat indien bevind sou word dat die versekering, soos deur hom beweer, op die gemelde datum regtens nie van krag was nie, die respondent belet

("estopped")/....

("estopped") was om te beweer dat die voertuig nie behoorlik verseker was nie. Die hof a quo (Van Heerden, R.) het die appellant se eis met koste afgewys, en die appèl is teen hierdie bevel gerig. Die feite van die saak word hieronder weergegee.

Die respondent het, ná 'n skriftelike aansoek om versekering deur die appellant, op 13 Maart 1980 'n sg. "Boere Multiplexpolis" (polis no 3197120) aan die appellant uitgereik. Die appellant bedryf 'n boerdery op 'n plaas in die distrik Letaba en die polis was bedoel om versekering teen skade aan o.m. die plaaswoning, met sy inhoud, en sekere voertuie te verskaf. Premies onder die polis sou kwartaalliks betaalbaar wees, en betaling sou geskied wanneer die

respondent/.....

respondent 'n debietorder (wat deur hom voorberei sou word) vir die betrokke bedrag by die appellant se bank, nl. Trust Bank, in Tzaneen vir betaling sou aanbied. Onder die opskrif "Algemene Voorwaardes" word in die volgende/paragraaf (c)(3) van die polis oor die betaling van premies gesê:

"Deur die aanvaarding van hierdie versekering magtig die Versekerde Santam om die bedrag van die premie en seëlreg deur Santam verlang vir die versekering ingevolge hierdie polis in ooreenstemming met die 'periode van hoe dikwels die debietorder vir betaling aangebied moet word' (soos in die bylae van hierdie polis vermeld) op die rekening by die Instansie in die bylae van hierdie polis genoem te trek, met dien verstande dat indien die voormelde Instansie in gebreke bly om betaling op aanvraag te doen sal die versekering ingevolge hierdie polis geag word (nieteenstaande enigiets andersluidend in hierdie polis vervat) te verval het op

die/.....

die laaste dag van die ononderbroke periode
 waarvoor die Versekerde wel premie aan
 Santam betaal het en sal Santam alle premie
 wat reeds betaal is behou."

Volgens die bylae by die polis is die "periode van hoe
 dikwels die debietorder vir betaling aangebied moet word",
 soos in paragraaf (C)(3) genoem, "kwartaalliks", terwyl
 die "Instansie" waarna daar in die paragraaf verwys word,
 die appellant se bogemelde bank in Tzaneen is. Met
 betrekking tot die kwessie van die versuim om 'n premie
 te betaal, moet daar ook gelet word op die volgende
 paragraaf wat in die appellant se skriftelike aansoek
 om versekering voorkom, t.w.:

"Ek verstaan en aanvaar dat:

.....

(ii) indien enige betaling ingevolge hierdie
 versoek nie deur die Maatskappy ont-
 vang word nie, die versekering ingevolge
 die polisse of polis waarna in hierdie

aansoek verwys word geag sal word
om te verval het op die laaste dag
van die ononderbroke periode waarvoor
die Maatskappy wel betaling(s)
ingevolge hierdie versoek ontvang
het."

Wat hierdie verklaring betref, moet verder gelet word

op die bepaling in die polis dat -

"enige aansoek en/of verklaring betreffende
die versekering ingevolge hierdie polis wat
deur of namens die Versekerde gedoen/gemaak
is die basis van hierdie polis sal wees
en deel van hierdie polis sal uitmaak".

Wat die bepalings van die polis betref,

wys ek ook op paragraaf (C)(4) van die "Algemene Voor-

waardes". Dit lui soos volg:

"Behalwe indien die premie wat deur Sanlam
verlang word vir een jaar se versekering
ingevolge hierdie polis jaarliks in een

bedrag/.....

3) 36

bedrag vooruitbetaal word is die
kontraktermyn van hierdie polis nie 'n termyn
van 'n jaar nie maar sodanige kontraktermyn
sal geag word om te wees 'n termyn wat
ooreenstem met die 'periode van hoe dikwels
die debietorder vir betaling aangebied moet
word' (soos in die bylae van hierdie polis
vermeld.)"

In die lig van wat hierbo gesê is, is dit duidelik dat
die "kontraktermyn" van die polis wat aan die appellant
uitgereik is, die tydperk is ten opsigte waarvan 'n
premie betaal moet word, d.w.s. 'n kwartaal op 'n keer.

Die debietorder wat op 2 April 1981 ten
opsigte van die kwartaal wat op 12 Maart 1981 verstryk
het deur die respondent by die appellant se bank in
Tzaneen vir betaling aangebied is, is nie betaal nie.
Die appellant het nie gesorg dat daar geld in sy rekening

was/.....

was om die betrokke bedrag te betaal nie. Op 3 Junie 1981 is weer 'n debietorder deur die respondent voorgelê, maar dit is ook nie betaal nie. Daarna is geen verdere debietorders voorgelê nie en die appellant het ook geen betaling gemaak nie. Die laaste ononderbroke periode ten opsigte waarvan die appellant 'n premie betaal het, het dus op 12 Maart 1981 verstryk, en volgens die bepalinge van paragraaf (C)(3) van die "Algemene Voorwaardes" (hierbo aangehaal) - asook volgens die verklaring deur die appellant in sy skriftelike aansoek om 'n polis (ook hierbo aangehaal) - "sal" die versekering ingevolge die polis gevolglik "geag word om te verval het" op 12 Maart 1981. Op 12 Junie 1981 het 'n klerk in die diens van die respondent 'n skrywe aan die appellant

by/.....

by sy posadres gerig waarin die appellant o.m. meegedeel
is dat die debietorder van 2 April 1981 nie betaal is
nie en dat -

"in terme van u polis bestaan daar geen
dekking nie gedurende daardie tydperk
waarvoor die Maatskappy nie die premie
wat verlang word ontvang het nie."

Daar kan waarskynlik aanvaar word dat die brief in
die normale gang van die respondent se sake gepos is,
maar mnr A.J. Shepherd, wat, saam met sy eggenote, al
die aandele in die appellant-maatskappy hou en wat
ten behoeve van die appellant by die verhoor getuienis
afgelê het, het getuig dat die appellant nie die
brief ontvang het nie. Daar is nie ander getuienis
oor die vraag of die appellant die brief ontvang het
nie, en in die omstandighede sal ek aanvaar dat hy

dit/.....

dit nie ontvang het nie. (Mnr Shepherd se getuienis was dat hy teen die einde van Julie 1981 vir die eerste maal verneem het van debietorders wat nie betaal is nie. Dit was nl. toe hy 'n brief, gedateer 23 Julie 1981, van die respondent - blykbaar die respondent se hoofkantoor in Kaapstad - ontvang het waarin daar melding gemaak word van 'n "onbetaalde debietorder vir Mei 1981 en gesê word: "U rekening beskik nie oor voldoende fondse nie.")

Op 7 Julie 1981 het mnr Shepherd die respondent se kantoor op Pietersburg gebel en 'n gesprek met 'n mev. Korff, 'n klerk in daardie kantoor, gevoer. Volgens sy getuienis het hy haar gevra "vir dekking van my motorkar" (d.w.s. die bogemelde Pontiac), en het sy "bevestig dat hulle die motor gedek hou en

dat/.....

dat hulle my per pos sal in kennis stel." Daarna het hy 'n dokument, waarop gedruk staan dat dit 'n endossement by die bogemelde polis no. 3197120 is, van die respondent ontvang. (Hierdie endossement is Aanhangsel "A" by die besonderhede van die appellant se eis.)

Daarvolgens is vanaf 6 Julie 1981 (i) die versekering van die inhoud van die huis op die plaas tot R25 000 verhoog, en (ii) die Pontiac, met 'n waarde van R28 000, by die voertuie wat reeds onder die polis verseker was, "bygevoeg". Mev. Korff, wat 'n aantekening van haar gesprek met mnr Shepherd gemaak het en wie se getuienis deur die verhoorregter aanvaar is, het o.m. getuig:

".... mnr Shepherd het gebel en gesê hy het 'n nuwe voertuig gekoop wat hy graag

wil/.....

wil verseker en ek het gevra of hy versekering by ons het, waarna hy dan die polissonummer aan my verskaf het. Toe het ek gesê goed, ons voeg dit vir hom by, waarna hy dan 'n endossement sal ontvang ter bevestiging van die byvoeging."

Mev. Korff het nie self die endossement uitgereik nie, maar het die inligting wat sy van mnr Shepherd ontvang het na iemand anders deurgestuur. Sy het ook getuig dat mnr Shepherd nie met haar oor premies gepraat het nie; dat sy nie na die lêer wat op die polis betrekking het, gekyk het nie, en dat sy nie geweet het van debietorders wat nie betaal is nie. Die endossement is deur 'n mej. Laups uitgereik. Sy het dit opgestel met verwysing na die aantekening wat mev. Korff gemaak het. Sy het o.m. getuig dat wanneer sy so 'n aantekening

ontvang/.....

ontvang, sy na die polislêer kyk om seker te maak dat die nommer van die polis wat daarop verskyn dieselfde is as dié wat in die aantekening vermeld word. Volgens haar getuienis was daar niks op die omslag wat daarop gedui het dat die polis nie meer van krag was nie en het sy die endossement uitgereik in die geloof dat die polis nog van krag was. Mej. Laups het verder getuig dat dit deel van haar werk was om endossemente by polisse uit te reik, maar dat sy geensins die bevoegdheid gehad het om 'n nuwe polis uit te reik of om 'n polis wat verval het weer in te stel nie. Net die bestuurder of adjunk-bestuurder kon dit doen, het sy gesê. Hierdie bewering is bevestig deur die getuienis van mnr De V. E. Hauptfleisch, wat destyds die bestuurder

van/.....

van die respondent se tak op Pietersburg was. Ek sal later na sekere getuienis van mnr Hauptfleisch verwys.

Die Pontiac is, soos hierbo gesê, op 22 Julie 1981 in 'n botsing onherstelbaar beskadig. Die appellant het die dag daarna 'n eis vir R28 000 by die respondent ingedien en volgens mnr Shepherd se getuienis is hy 'n tydjie daarna deur 'n beampte van die respondent se Pietersburgse kantoor meegedeel dat hy spoedig betaling van sy eis kon verwag. In die eerste week van Augustus 1981, aldus mnr Shepherd, toe hy verwag het om 'n tjek vir die gemelde bedrag te ontvang, is hy egter meegedeel dat sy eis nie betaal sou word nie. Hy het daarop aan sy prokureur opdrag gegee om die bedrag van die respondent te eis. Dit is gemene saak

tussen/.....

tussen die partye dat die voertuig ten tyde van die botsing R28 000 werd was.

Vanweë die aard van die appellant se saak in die hof a quo, die betoog in sy skriftelike betoogpunte wat vir die doel van die appèl in hierdie hof voorberei is, en die aard van die betoog wat namens hom in hierdie hof gelewer is, is dit nodig om op 'n paar aangeleenthede te let, t.w., die inhoud van die pleitstukke die appellant se advokaat se openingsrede in die hof a quo oor wat die appellant se saak sou wees, en die wyse waarop die appellant se saak voorgedra is.

In die besonderhede van sy eis, gedateer 26 November 1981, het die appellant sy eis op 'n "written insurance contract" gegrond. Die betrokke

paragraaf/.....

paragraaf van die besonderhede (paragraaf 3) lui soos

volg:

"3. As at 7 July 1981, and at all material times thereafter, there was a written insurance contract in force between the parties, and the terms material to plaintiff's cause of action were:

3. 1 The vehicle insured was a 1981 Pontiac Trans-Am (the vehicle).

3. 2 The vehicle was insured for the sum of R28 000,00.

3. 3 Defendant would indemnify Plaintiff against loss of or damage to the vehicle."

In antwoord op 'n versoek om nadere besonderhede

met betrekking tot hierdie paragraaf het die appellant

geweier om 'n afskrif van die versekeringskontrak aan

die respondent te verskaf. Hy het verder gesê:

"In/....."

"In any event, the information requested is a matter for evidence, and is not strictly necessary to enable Defendant to plead. Defendant is referred to Annexure 'A' hereto, which contains sufficient particulars for Defendant's purposes."

(Aanhangsel "A", soos reeds gesê, is die endossement waarna ek hierbo verwys het.) In sy verweerskrif, gedateer 16 Februarie 1982, het die respondent soos volg op die hierbo aangehaalde paragraaf 3 van die appellant se eis gepleit:

"2. Ad Paragraaf 3

- (a) Verweerder erken die bestaan van Aanhangsel 'A' tot die Nadere Besonderhede.
- (b) Behalwe soos hierbo word paragraaf 3 ontken asof elke bewering afsonderlik en seriatim herhaal en ontken word. Ter verduidelikking van die ontkenning, pleit Verweerder dat daar op geen ter-

saaklike tydstip 'n geldige
versekeringskontrak tussen die
partye bestaan het nie."

By ontvangs van die verweerskrif het die appellant
die respondent o.m. gevra of hy erken dat daar 'n polis
met die nommer 3197120 aan hom uitgereik is. Die
antwoord op hierdie vraag was "nee". Dit was 'n on-
behoorlike antwoord, want dit het later duidelik ge-
blyk dat die respondent se saak van die begin af was
dat 'n polis met dié nommer aan die appellant uitgereik
is maar dat dit op 12 Maart 1981 verval het toe die
verskuldigde premie nie betaal is nie. Ver-
moedelik is die antwoord gegee in die geloof dat
die een of ander voordeel met betrekking tot
die bewyslas daardeur behaal sou kon word. In
antwoord op 'n versoek om nadere besonderhede vir

die/.....

die doeleindes van verhoor met betrekking tot die
verwysing na polis no. 3197120 in die endossement,
het die respondent gesê dat daar verwys word na
" 'n polis wat aan Eiser uitgereik was maar wat nie van
krag was toe Aanhangsel 'A' onderteken is nie."

Hierdie antwoord is op 12 Oktober 1982 gegee, en op
21 Oktober 1982 - minder as 'n week voor die verhoor
sou begin - het die respondent kennis gegee dat hy by
die verhoor aansoek sou doen om paragraaf 2(b) van sy
verweerskrif (hierbo aangehaal) te wysig deur die
volgende woorde aan die einde daarvan by te voeg, nl.

".... alternatiewelik dat die versekering ingevolge
sodanige versekeringskontrak verval het." Terselfdertyd
is kennis gegee dat 'n dergelike wysiging van die
besonderhede vir die doeleindes van verhoor wat vroeër

deur/.....

deur die respondent verskaf is, aangevra sou word.

'n Paar weke tevore, op 27 September 1982, het die

respondent die appellant om nadere besonderhede vir die

doeleindes van verhoor met betrekking tot paragraaf

3 van die appellant se eis gevra. Die vrae was:

"(a) Beweer Eiser dat die premie op die
versekeringskontrak behoorlik betaal
was op 7 Julie 1982 en daarna?

(b) Indien nie, op welke gronde beweer
Eiser dat betaling van die premie
nie 'n vereiste vir die bestaan van
'n geldige versekeringskontrak was
nie?"

Die appellant se antwoord op die vrae was:

"(a) No.

(b) This is a question of law and the
Defendant is not entitled to the
particulars herein requested to en-
able it to prepare for trial."

Die/.....

Die antwoord in (b) was nie 'n behoorlike antwoord

nie. Die appellant het sy eis op 'n polis (soos aange-

vul deur 'n endossement) gegrond, en waar hy erken het

dat die premie wat volgens die polis betaalbaar was

nie betaal is nie, was hy klaarblyklik geroepe om

aan te dui op welke grond(e) hy nogtans op daardie

polis gesteun het. Die antwoord het ook nie 'n

juiste voorstelling van wat die appellant se saak

sou wees, bevat nie, want by die aanvang van die ver-

hoor het die appellant se advokaat (mnr Horwitz) die

die verhoorhof meegedeel dat dit die appellant se saak

sou wees dat die polis wat aan hom uitgereik is,

verval het, maar dat 'n "nuwe polis" tot stand gekom

het toe die endossement aan hom uitgereik is en dat

daardie polis van krag was toe die voertuig beskadig

is/.....

is. Ek wys hieronder vollediger op wat die advokaat oor die aard van die appellant se saak gesê het..

Mnr Horwitz het in sy openingsrede in die verhoorhof o.m. gesê dat dit gemene saak tussen die partye was dat 12 Maart 1981 die laaste dag was van die ononderbroke periode waarvoor die appellant 'n premie aan die respondent betaal het, en hy het toe soos volg voortgegaan:

"Die eiser se saak gaan wees dat vanweë die feit dat die debietorder nie betaal is nie, moet aanvaar word dat die, mag ek dit die hoofpolis noem, verstryk het. Daar was dus geen polis vir dekking ten opsigte van die eiser se bates nie. Hy nader dan die verweerder en vra vir dekking ten opsigte van 'n polis wat verval het. Dit moet dan noodwendig meebring dat 'n nuwe polis tot stand kom."

(Ek sal later aantoon dat die appellant se saak inderdaad gevoer is op die grondslag wat mnr Horwitz

aan/.....

aan die verhoorhof genoem het.) Nadat mnr Horwitz

aan die hof gesê het wat die appellant se saak sou

wees, het hy voortgegaan om te sê dat hy deur die

respondent se advokaat (mnr Kühn) meegedeel is dat

die respondent sou aanvoer dat die persoon wat die

endossement uitgereik het nie die bevoegdheid gehad

het om 'n polis uit te reik of om 'n polis te hernu

nie, maar dat hy (mnr Horwitz) sou beswaar maak teen

getuienis wat so 'n verweer opper omdat so 'n verweer

nie deur die respondent se verweerskrif gedek word nie.

Nadat die verhoorregter sekere vrae aan mnr Kühn

gestel het oor o.m. die beswaar wat mnr Horwitz

gesê het dat hy sou opper, het mnr Kühn verloff

gevra om paragraaf 2(b) van die respondent se pleit

te/.....

te wysig op die wyse wat ek reeds hierbo genoem het.

Mnr Horwitz het beswaar gemaak. Die geleerde regter

het gesê dat hy later oor die aangeleentheid sou be-

slis en daarna het mnr Shepherd, hierbo genoem, ge-

tuienis afgelê.

Op die tweede dag van die verhoor, nadat

mnr Shepherd sy getuienis voltooi het en die appellant

se saak gesluit is, en terwyl mnr Hauptfleisch (hierbo

genoem) besig was om te getuig, het mnr Horwitz be-

swaar gemaak teen die getuienis dat mej. Laups nie die

bevoegdheid gehad het om 'n polis uit te reik of te hernu

nie. In die loop van sy beswaar het mnr Horwitz

onder meer betoog dat die respondent in die nadere

besonderhede/.....

besonderhede tot sy verweerskrif nie moes ontken het

dat die polis (soos in die appellant se besonderhede

van eis genoem) uitgereik is nie, maar moes gesê het

dat dit uitgereik is maar dat dit verval het. As

die respondent dit gedoen het, het die advokaat gesê,

kon die appellant gerepliseer het dat dit erken word dat

die polis verval het, maar dat die polis weer "in die lewe

geroep (is) deur die uitreiking van die endossement."

"Op hierdie basis", het mnr Horwitz gesê, "sou die

pleitstukke een honderd persent in orde gewees het."

Mnr Horwitz se beswaar is gehandhaaf, en daarop het

mnr Kühn aansoek gedoen om paragraaf 2(b) van die

respondent se verweerskrif te wysig deur die volgende

woorde/.....

woorde daarby te voeg, nl.:

"In besonder ontken verweerder dat die persoon wat Aanhangsel 'A' onderteken het gemagtig was om 'n nuwe versekeringskontrak namens verweerder te sluit, of om gemelde polis in Aanhangsel 'A' te herstel."

Die aansoek is toegestaan, en daarna het mnr Horwitz,

wat die hof meegedeel het dat hy die kwessie van mej.

Laups se bevoegdheid en die moontlikheid van 'n repliek

van estoppel wou oorweeg, gevra dat die saak uitgestel

moet word. Die aansoek is toegestaan en die saak is

sine die uitgestel. Die advokate het aangedui dat hulle hul

pleitstukke in die tussentyd "in orde" sou bring. (Die

hof, kan hier bygevoeg word, het toe nog nie 'n be-

slissing gegee oor die respondent se aansoek om

paragraaf 2(b) van sy verweerskrif te wysig deur die

alternatiewe/....

alternatiewe bewering waarna ek hierbo verwys het,
 daarby te voeg nie.)

Die verhoor is op 8 Februarie 1983 hervat.

Die respondent het intussen 'n gewysigde verweerskrif,
 gedateer 24 November 1982, opgestel, en die appellant
 'n repliek, gedateer 7 Desember 1982. Paragraaf 2
 van die gewysigde verweerskrif, wat 'n antwoord op
 paragraaf 3 van die besonderhede van die appellant
 se eis is, lui soos volg:

"2. Ad paragraaf 3

(a) Verweerder erken die bestaan
 van Aanhangsel 'A' tot die Nadere
 Besonderhede.

(b) Behalwe soos hierbo word paragraaf
 3 ontken asof elke bewering afsonderlik
 en seriatim herhaal en ontken word.
 Ter verduideliking van die ontkenning,
 pleit Verweerder dat daar op geen
 tersaaklike tydstip 'n geldige ver-
 sekeringskontrak tussen die partye

bestaan/...

bestaan het nie, alternatiewelik .
dat die versekering ingevolge so-
danige versekeringskontrak verval
het. In die besonder ontken Verweerder
dat die persoon wat Aanhangsel 'A'
onderteken het gemagtig was om 'n nuwe
versekeringskontrak namens Verweerder
te sluit of om die gemelde polis in
Aanhangsel 'A' te herstel."

Die respondent het terselfdertyd die nadere besonderhede

wat hy vroeër in verband met paragraaf 2 van sy ver-

weerskrif gegee het, in ooreenstemming met die be-

gewysigde
werings in hierdie/paragraaf 2 gebring. Die appellant

se repliek lui soos volg:

"1. Ad paragraph 2 of the Plea as
amplified by further particulars thereto

(a) The Plaintiff denies that the
person who signed Annexure 'A'
was not authorised to conclude
a new contract of insurance

with/.....

with the Plaintiff.

(b) Alternatively to (a):

In the event of the above Honourable Court holding that the person who signed Annexure 'A' was not authorised to conclude a new policy of insurance with the Plaintiff, then the Plaintiff pleads that the Defendant is estopped from denying the authority of the person, the Defendant:

- (i) having negligently induced the Plaintiff to believe that such person was authorised, and having negligently induced the Plaintiff to believe that its motor vehicle was covered by a valid policy of insurance;
- (ii) by its conduct referred to in (i) above having induced the Plaintiff to act to its prejudice in allowing the vehicle to be driven whilst uninsured and not taking steps to ensure that the vehicle was properly ensured.

2. Save for the foregoing the Plaintiff joins issue with Defendant on all

other/.....

other issues in the plea which are inconsistent with the particulars of Plaintiff's claim."

Die verhoorhof het op grond van die bepalinge van o.m. Algemene Voorwaardes (C)(3) en (C)(4) bevind dat die polis op 12 Maart 1981 verval het en dus nie gegeld het toe die appellant se voertuig beskadig is nie; dat die endossement nie die polis of enige deel daarvan herstel het nie, en ook dat mej. Laups geen bevoegdheid gehad het om 'n nuwe polis uit te reik of om 'n polis te herstel nie. Die hof het verder bevind dat die repliek van estoppel nie kan slaag nie, o.m. omdat nie gesê kan word dat beamptes van die respondent mnr Shepherd onder 'n verkeerde indruk oor die vraag van die bestaan van die polis gebring het nie..

In die appellant se skriftelike betoogpunte -
opgestel deur die advokate (mnr Harms en mnr Horwitz)
wat in hierdie hof vir hom verskyn het - word aanvaar
dat die polis wat deur die appellant uitgereik is,
verval het omdat die debietorder van 2 April 1981 nie
betaal is nie, en word daar gesê dat "die enigste
werklike geskil op hierdie stadium is dus of die Ver-
weerder op grond van estoppel verhinder is om te
ontken dat die Eiser se motor deur die Verweerder
verseker was." Die betoog aangaande estoppel lui
dat die uitreiking van die endossement 'n voorstelling
aan die appellant was dat die polis nog van krag was
en dus gewysig kon word en, verder, dat selfs indien

mej/.....

mej. Laups nie gemagtig was om 'n polis uit te reik nie,

dit nie volg "dat sy nie 'n voorstelling kon maak dat

'n gekanselleerde polis wel van krag is nie." By

die aanhoor van die appèl het mnr Harms egter

heeltemal afgewyk van die betoog wat in die skriftelike

betoogpunte vervat is en het hy dit laat vaar.

Sy betoog voor ons was dat die polis wat oorspronklik

aan die appellant uitgereik is nie verval het nie maar

bly voortbestaan het, aangevul deur die endossement,

en dat dit van krag was toe die appellant se voertuig

beskadig is. Ek het die indruk dat mnr Harms ook

aanvoer dat die respondent belet ("estopped") is om te

ontken dat die polis bly voortbestaan het, maar ek

het nie duidelikheid daaroor nie. Ek sal later tot

hierdie/.....

hierdie punt terugkeer.

Met betrekking tot die betoog dat die polis nie verval het nie, voer mnr Harms aan - met 'n beroep op Associated Manganese Mines of S.A. Ltd v. Claassens, 1954(3) SA 768(A) - dat die appellant se versuim om die debietorder op 2 April 1981 te betaal nie die gevolg gehad het dat die polis verval het nie, maar dat dit bloot aan die respondent die reg verleen het om die polis te kanselleer en dat hy dit nie gedoen het nie. In hierdie verband is gesê dat daar verskeie handeling van die kant van die respondent was wat toon dat hy die polis beskou het as 'n polis wat bly voortbestaan het.

Hierdie betoog, wat klaarblyklik 'n afwyking is van die saak wat die appellant se advokaat

in die hof a quo voorgedra het, laat onmiddellik die vraag ontstaan of dit die appellant vrystaan om in hierdie stadium te betoog dat die polis nie verval het nie. In die uiteensetting van sy eis het die appellant hom beroep op die polis wat aan hom uitgereik is, aangevul deur die endossement. (Kyk paragraaf 3 van die besonderhede van eis, hierbo aangehaal.)

In die hof a quo is sy saak egter nie op daardie grondslag gevoer nie. Sy advokaat het die verhoorhof in sy openingsrede meegedeel wat die appellant se saak sou wees. Ek het die betrokke gedeelte van die openingsrede hierbo aangehaal, en daaruit blyk dat hy op ondubbelsinnige wyse gesê het dat die appellant se saak was dat die polis verval het, maar dat daar met die

uitreiking/....

uitreiking van die endossement 'n nuwe polis, wat van krag was toe die appellant se voertuig beskadig is, tot stand gekom het. Daar moet op gelet word dat toe mnr Horwitz dit gesê het, hy geensins te kenne gegee het dat dit steeds die appellant se saak was dat die polis bly voortbestaan het en/slegs as alternatief dat beweer word dat, indien die polis verval het, daar 'n nuwe polis tot stand gekom het nie. Dit is duidelik dat die appellant nie kan sê dat die polis bly voortbestaan het en terselfdertyd ook kan sê dat dit verval het nie, en die wyse waarop mnr Horwitz aan die verhoorhof gesê het wat die appellant se saak sou wees, toon geen blyke van 'n houding dat dit nog steeds die appellant se saak was dat die polis bly voortbestaan/.....

bestaan het en dat slegs as alternatief aangevoer sou word dat daar met die uitreiking van die endossement 'n nuwe polis tot stand gekom het nie. In hierdie verband dien ook gelet te word op mnr Horwitz se stelling aan die verhoorhof (reeds hierbo genoem) dat indien die respondent gepleit het dat daar 'n polis uitgereik is maar dat dit verval het, die respondent dan in sy repliek kon "erken" het dat dit verval het maar 'n estoppel kon opgewerp het. "Op daardie basis", het mnr Horwitz gesê, "sou die pleitstukke een honderd persent in orde gewees het." (Vgl. in hierdie verband ook die stelling in die appellans se skriftelike betoogpunte dat "die enigste werklike geskil op hierdie stadium is dus of die Verweerder

op grond van estoppel verhinder is om te ontken dat

die Eiser se motor deur die Verweerder verseker was.")

Mnr Horwitz het na my mening aan die verhoorhof

duidelik gesê wat die appellant se skuldoorsaak was,

nl. dat die appellant op grond van 'n polis wat met

die uitreiking van die endossement tot stand gekom

het (of herstel is) op vergoeding vir die beskadiging

van sy voertuig geregtig was. Daar was geen suggestie

van 'n saak dat die polis, soos oorspronklik uitgereik,

bly voortbestaan het nie, en die notule van die verrig-

tinge in die hof a quo toon ook duidelik dat die appellant

se saak gevoer is op die grondslag wat mnr Horwitz

in sy openingsrede vermeld het. Sy kruisondervraging

van mnr Hauptfleisch het geskied op die grondslag dat

die/.....

die polis verval het. Hy het dit etlike male aan die getuie gestel dat die polis verval het, soos uit die volgende uittreksels uit die notule blyk. Daar sal op gelet word dat die getuie ook telkens saamgestem het met die stelling dat die polis verval het :

".....Daar is 'n polis wat regtens verval het en ek vra nie vir 'n opinie hieroor nie, ons weet almal dit is waarom hierdie saak gaan. Die polis het daadwerklik verval. --- Ja."

".... Nou die polis het verval, reg? --- Dit is korrek."

"Maar die gegewens aangaande die Pontiac, die motor in geskil hierso, is aan haar gegee gedurende die tydperk wanneer die polis nie bestaan het nie, reg? --- Ek aanvaar so ja."

Daar/.....

Daar is nooit aan die getuie gesuggereer dat hy die polis beskou het as 'n polis wat bly voortbestaan het nie. Intendeel, dit is aan hom gestel dat hy die polis as verval beskou het gedurende die tydperk ten opsigte waarvan die betrokke premie nie betaal is nie - en die getuie het daarmee saamgestem:

"So dan as ek aan u stel dat vir alle doeleindes het u dan die polis as verval gedurende daardie tydperk beskou. As die tweede debietorder betaal word dan bring dit mee dat dit uiteindelik weer eens in die lewe geroep is, vanaf 'n tweede tydperk? --- Dit is korrek."

Die volgende passasie in die uitspraak van die hof a quo toon ook duidelik dat mnr Horwitz in sy betoog aan die einde van die verhoor aanvaar het dat die polis verval het, maar betoog het dat dit met die uitreiking

van/.....

van die endossement herstel is vir sover dit op die

Pontiac betrekking gehad het:

"Mnr Horwitz namens die eiser, het toegegee dat op gesag van die uitspraak in ARIS ENTERPRISES (FINANCE) (PTY) LTD v PROTEA ASSURANCE CO LTD 1981(3) SA 274 te bl. 289, 'n endossement slegs 'n integrerende gedeelte van 'n oorspronklike versekeringskontrak uitmaak en geen nuwe kontrak is nie en dat die verpligtings en regte van die onderskeie partye uit die oorspronklike versekeringskontrak voortvloei. Hy het egter betoog dat deur die uitreiking van die endossement, met kennis van die verval van die versekeringspolis, dit die gevolg gehad het om die oorspronklike polis slegs met betrekking tot die nuwe motorvoertuig te herstel."

In die lig van die ~~bestaande~~ staande is ek van mening

dat gesê kan word dat dit by die verhoor gemene saak

tussen die partye was dat die polis verval het en

dat/.....

dat die enigste geskilpunt was of die uitreiking van die endossement 'n nuwe polis, of die herstel van die polis wat verval het, tot gevolg gehad het. In hierdie omstandighede meen ek dat die appellant beperk moet word tot die skuldoorsaak waarop hy in die hof a quo gesteun het, net soseer asof hy in 'n pleitstuk te kenne gegee het dat dit sy enigste skuldoorsaak was. Kyk in die algemeen Cole v. Government of the Union of S.A., 1910 A.D. 263 op bl. 272; Bam v. Bhabha, 1947(4)S.A. 798(A) op bl. 803; Commissioner for Inland Revenue v. Estate Crewe and Another, 1943 A.D. 656 op bl. 682; Kannenberg v. Gird, 1966(4) 173(K) op bl. 181-183; Paddock Motors (Pty) Ltd v. Ingesund, 1967(3) S.A. 16(A); S.A. Yster en Staal Industriële Korporasie Bpk v. Van der Merwe, 1984(3) S.A. 706(A) op bl. 714L-715B.

36 25

42

Die enigste twyfel wat moontlik oor die

juistheid van hierdie mening oor die aangeleentheid
kan ontstaan, is of die appellant op grond van die
inhoud van paragraaf 2 van sy repliek kan sê dat dit
hom vrystaan om te sê dat dit steeds sy saak was dat
die polis bly voortbestaan het. Die paragraaf, reeds
hierbo aangehaal, word geriefshalwe weer hier aangehaal:

"2. Save for the foregoing the Plaintiff
joins issue with Defendant on all
other issues in the plea which are
inconsistent with the particulars
of Plaintiff's claim."

Streng volgens die bewoording daarvan beoordeel, hou
hierdie paragraaf in dat die appellant beweer dat sy
eis gegrond is op die polis wat aan hom uitgereik is,
aangevul deur die endossement. Ek meen egter nie

dat/.....

dat dit realisties sou wees om te aanvaar dat die appellant
werklik bedoel het om so iets te kenne te gee nie.

Dit is van belang om in gedagte te hou dat die repliek
opgestel is nadat die appellant se advokaat in sy
openingsrede aan die hof gesê het wat die appellant
se saak sou wees, en ook nadat die appellant se saak
gesluit was. Die appellant kon toe kwalik bedoel het
om te kenne te gee dat sy saak iets anders is, of iets
anders behels, as wat die advokaat aan die hof gesê het.

As die appellant werklik wou te kenne gegee het dat
dit sy saak, of deel van sy saak, was dat die polis
bly voortbestaan het, sou 'n mens verwag het dat hy dit
uitdruklik sou gesê het en terselfdertyd sou aangedui
het dat sy saak dat daar 'n nuwe polis tot stand gekom

het/.....

het slegs as 'n alternatief bedoel was. Verder, soos

reeds gesê, het die appellant se advokaat dit aan

mnr Hauptfleisch gestel dat die polis verval het, en

toe hy dit gedoen het, kon hy kwalik bedoel het dat

dit terselfdertyd die appellant se saak was dat die

polis bly voortbestaan het. Indien dit dus

die bedoeling was om in paragraaf 2 van die repliek

te kenne te gee dat dit die appellant se saak was

dat die polis bly voortbestaan het, sou hierdie

paragraaf in stryd wees met wat die advokaat aan

die respondent se getuie gestel het. In

hierdie omstandighede vind ek dit moeilik om in te

sien hoe daar op grond van paragraaf 2 van die repliek

gesê kan word dat dit die appellant se saak was dat

die/.....

polis bly voortbestaan het. Ek wys in hierdie verband ten slotte ook op paragraaf 1(a) van die repliek, waarin die appellant ontken dat die persoon wat die endossement onderteken het "was not authorised to conclude a new contract of insurance with the defendant."

Hierdie ontkenning hou verband met die appellant se saak dat daar met die uitreiking van die endossement 'n nuwe polis tot stand gekom het, en so 'n saak is, soos reeds gesê, nie te rym met 'n bewering dat die polis, soos gewysig deur die endossement, bly voortbestaan het nie. In hierdie omstandighede is dit moeilik om te aanvaar dat die appell in paragraaf 2 van sy repliek werklik bedoel het om te sê dat dit nog steeds sy saak was dat die polis bly voortbestaan het.

Dit kom my voor dat die appellant met dié paragraaf

bloot wou sê dat hy alles in die respondent se saak

saak
wat met sy eie/strydig is, ontken en bestry. Die punt

dat die polis verval het, was egter nie iets wat met sy

eie saak strydig was nie: dit was nie 'n geskilpunt

tussen die partye in die stadium toe die repliek opgestel

is nie.

In die lig van die voorgaande is ek van

mening dat die appellant nie toegelaat kan word om in

hierdie stadium te betoog dat dit die appellant se saak

is dat die polis bly voortbestaan het en dat dit van krag

was toe die appellant se voertuig beskadig was nie.

Indien die gevolgtrekking waartoe ek

hierbo gekom het nie juis sou wees nie, is ek in

ieder geval van mening dat die appèl, soos deur mnr

Harms/.....

Harms voorgedra, nie kan slaag nie. Mnr Harms het, soos

reeds gesê, gesteun op wat in die uitspraak van hierdie hof,

nl. Associated Manganese Mines of S.A. Ltd v. Claassens,

1954(3) S.A. 768 gesê is. In hierdie saak het dit

o.m. gegaan oor 'n prospekterkontrak waarvolgens die

prospekteerder verplig was om aan die eienaar van die

betrokke plaas 'n sekere bedrag te betaal ten opsigte

van elke ton onedele metale of onedele minerale wat hy

tydens die duur van die ooreenkoms van die plaas sou

verwyder. Die ooreenkoms is vir 5 jaar aangegaan, maar

dit kon ná afloop van daardie tydperk vir verdere tydperke

deur die prospekteerder verleng word. Die bedrag moes

jaarliks betaal word. Klousule 7 van die ooreenkoms

tussen die partye het bepaal dat indien die bedrag -

"niet/.....

"niet betaalt word, binnen dertig dagen nadat het vervalt en betaalbaar is, zal deze overeenkomst ipso facto vervallen, en van geen verder kracht of waarde zyn, en geen van de komparanten zal enig aanspraak hebben tegen de ander van hen."

Die respondent het beweert dat die appellant (n opvolger in titel van die oorspronklike prospekteerder) die bedrag wat op 31 Desember 1952 betaal moes ge-wees het nie binne 30 dae daarna betaal het nie en dat die ooreenkoms gevolglik verval het. Hierdie hof het beslis dat die benadering wat uit die volgende passasie in Davenport v. The Queen, 3.A.C. 115 blyk op die geval voor hom van toepassing was:

"In a long series of decisions the Courts have construed clauses of forfeiture in leases declaring in terms, however clear and strong, that they shall be void on breach of conditions by the lessees, to

mean/.....

mean that they are voidable only at the option of the lessors. The same rule of construction has been applied to other contracts where a party by a condition has sought to take advantage of his own breach of it to annul the contract.....".

Centlivres, H.R., het verwys na Suid-Afrikaanse be-

slissings waarin die bogemelde benadering in Davenport

se saak gevolg is en het toe gesê (op bl. 774 F-G):

".....It is obvious that clause 7 of the contract was inserted for the benefit of the person entitled to receive the so-called option moneys or royalties (as the case may be). That person may elect whether to cancel the contract on account of its breach or to insist on it remaining in operation. In spite, therefore, of the 'clear and strong' language of clause 7 it cannot be said that merely because the clause has been breached the contract is no longer in existence."

Die/.....

Die soort uitleg wat in die Associated
Manganese Mines-saak gevolg is, is na my mening nie
van toepassing op 'n geval soos die onderhawige nie.
In die onderhawige saak het 'n mens nie te doen met
'n bepaling in 'n ooreenkoms wat bedoel is om tot die
voordeel van slegs een van die partye te strek en wat
daardie party by 'n versuim deur die ander party kan aan-
wend om die ooreenkoms te beëindig, maar wat hy ook nie
hoef aan te wend indien hy verkies om die ooreenkoms
staande te hou nie. Dit gaan hier om 'n ooreenkoms wat,
soos duidelik uit die bepalinge van Algemene Voorwaardes
(C)(3) en (C)(4) blyk, net vir 'n bepaalde - en kort -
tydperk duur, t.w., 'n kwartaal, en waarvolgens die ver-

sekerde/.....

sekerde vir 'n tydperk van 'n kwartaal op 'n keer versekering kan verkry indien hy die premie wat ten opsigte van daardie kwartaal betaalbaar is, betaal. Toe die appellant nie vir die betaling van die debietorder van 2 April 1981 voorsiening gemaak het nie, het hy nie kontrakbreuk gepleeg nie: hy was immers nie verplig om die premie te betaal nie, en die enigste gevolg van die feit dat hy nie betaal het nie was dat die laaste kwartaal waarvoor hy verseker was op 12 Maart 1982 verstryk het en dat hy nie die versekering vir die daaropvolgende kwartaal verkry het nie. (En aangesien hy ná 2 April 1981 ook geen premie betaal het nie, volg dit dat hy ná 13 Maart 1981 vir geen tydperk verseker was nie.) Wanneer

daar/.....

daar nou in Algemene Voorwaarde (C)(3) bepaal word

dat indien die appellant nie 'n debietorder betaal nie

• "die versekering ingevolge hierdie polis geag word

om te verval het op die laaste dag van die

ononderbroke periode waarvoor die Versekerde wel premie

aan Santam betaal het", dan word daar klaarblyklik

nie bedoel dat die respondent 'n einde aan die versekering

kan maak indien hy sou verkies om dit te doen nie,

maar wel dat daar geen versekering sal wees ná die ver-

stryking van die laaste tydperk ten opsigte waarvan daar

'n premie betaal is nie.

Ek is gevolglik van mening dat die bo-

gemelde beslissing in die Associated Manganese Mines-

saak/.....

saak nie in die onderhawige geval toepassing kan vind
nie, en dat uit die bepalinge van die polis duidelik
blyk dat die feit dat die appellant nie vir die be-
taling van die debietorder van 2 April 1981 voor-
siening gemaak het nie meegebring het dat die laaste
tydperk waarvoor hy verseker was op 12 Maart 1981
verstryk het.

Ek het hierbo aangedui dat mnr Harms

ook aangevoer het dat die respondent ná 2 April 1981

sekere handeling verrig het wat, aldus die betoog,

aandui dat die respondent die polis beskou het as 'n

polis wat nog bestaan en, verder, dat dit nie vir my duidelik

is of daar gesuggereer word dat die respondent gevolglik

belet/.....

belet ("estopped") is om te sê dat die polis verval
het nie. Wat die beweerde handeling van die kant
van die respondent betref, het die advokaat o.m. gesê
(a) dat die voorlegging van die debietorder in Junie
1981 toon dat die respondent die polis beskou het as
'n polis wat nog bestaan; (b) dat die respondent in
sy brief van 12 Junie 1981 (die brief wat die appellant
volgens sy getuienis nie ontvang het nie) bloot gesê
het dat die appellant nie "dekking" het nie, en nie
dat die polis verval het nie; en (c) dat die endossement
voorgee dat die polis nog bestaan, en dat 'n mens nie
'n endossement uitreik ten opsigte van 'n polis wat nie
meer bestaan nie. (Daar is ook na enkele ander
handelinge van die respondent verwys maar ek meen nie

dat/.....

dat dit verdien om genoem te word nie.) Mnr Harms

het ook betoog dat al die getuienis wat oor die be-

trokke punte voorgelê kon gewees het, wel voorgelê is.

Daar steek niks in die geheel van hierdie betoog nie.

Daar is, in die eerste plek, nie 'n estoppel gepleit

soos dié waarvoor mnr Harms nou (soos dit vir my voorkom)

betoog nie. Die estoppel wat gepleit is, is iets

heel anders, nl. dat die respondent belet word om te

sê dat mej. Laups nie die bevoegdheid gehad het om 'n

nuwe polis uit te reik nie. Die punte in (a) en (b)

genoem, het geen meriete nie. Wat (a) betref, het

mnr Hauptfleisch getuig dat 'n debietorder soos dié

wat in Junie 1981 voorgelê is, aangebied word bloot

om die betrokke persoon die geleentheid te gee om sy

versekering/.....

versekering in orde te kry. Wat (b) betref, begryp
 ek nie hoe iemand wat meegedeel word dat hy nie
 meer dekking ingevolge 'n polis het kan dink dat
 die polis nog van krag is nie. Mnr Harms het veral op
 (c) klem gelê. Dit is waar dat^{op} die endossement
 staan dat dit ingevolge die polis uitgereik is, en
 dit is natuurlik ook waar dat 'n endossement normaal-
 weg nie uitgereik word ten opsigte van 'n polis wat
 verval het nie. Die getuienis toon egter dat mej.
 Laups die endossement uitgereik het in die geloof dat
 die polis bestaan en, verder, dat die appellant haar
 laat aanneem het dat die polis bestaan. Hy het ge-
 meen dat die polis van krag was: dit is nie sy wat

hom onder die verkeerde indruk gebring het en laat glo het dat die polis nog bestaan nie. In hierdie omstandighede kan daar nie grond vir 'n pleit van estoppel wees nie. Ten slotte wil ek sê dat dit moeilik is om te begryp hoe daar betoog kan word dat die respondent die polis beskou het as 'n polis wat nog van krag was: dit is immers in kruisondervraging aan mnr Hauptfleisch gestel (soos hierbo aangetoon) dat die polis verval het en dat hy dit as verval beskou het, en die getuie het met hierdie stelling saamgestem.

Die appèl word met koste afgewys, insluitende die koste van twee advokate.

P J RABIE
HOOFREGTER.

MILLER, AR.

VILJOEN, AR.

Stem saam.

BOTHA, AR

GALGUT, WND AR.